**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

# MOONTLIKE ANTWOORDE OKT / NOV 2006

AFDELING A
**POËSIE**

## VRAAG 1
## LIED VAN DIE KINDERS

1.1

1.1.1 Jesus / Here / God . . . (½)

1.1.2 "ek self die Kind van Betlehem was" / "Laat die kindertjies van Israel na My toe kom" (Moet ? versreël wees.) (1)

1.2 Tweede Wêreldoorlog / Viëtnamese oorlog / geweld in Ierland / Joodse oorlog / Dachou oorlog / Saigon / Korea / Belfast. (1)

1.3 Droewige (1)
Kinders ly / word mishandel / sterf (leed van kinders) (1)

1.4

1.4.1 Dis die presiese / direkte woorde van Jesus. (1)

1.4.2 Die kinders wat uitgenooi word, is kinders wat in nood verkeer. / Dis ? lied van die kinders. / ? Lied het refreine / ? Lied het herhalings. (1)

1.5 Baie kinders / mense / Jode is gedood / Oorlog. (1)

1.6 Hulle het kinders verontreg / verstoot / verwerp / mishandel / doodgemaak . . . (1)

1.7 bloed en bomme (Net bloed / net bomme = o) (1)

1.8 Dit staan in die langste versreël / Agterplasing / Koningskinders. (1)

1.9 Dit dui op weerloosheid / onskuld / vertedering / hulpeloosheid/ ...
Wek simpatie / Kinders is klein. (1)

1.10 God sal hul troos / seën / beskerm. / God sal hulle teen Hom vasdruk en / Sy Hande op hul lê. (1)
**[12½]**

## VRAAG 2
## TREURSANG VIR VAN DER MERWE

2.1 dood (Een woord) (½)

2.2 alliterasie / herhaling van die ge-klank / progressie / Punt na "gesterwe" / ontwikkeling. (1)

2.3 (familie) stryery / kleinlikheid / jaloesie / bakleiery / woede / gierigheid / suinigheid . . . (1)

2.4 die weduwee en
die bonte skare
of
die rou- / weentydperk en
tydens die begrafnis (2)

2.5 Dit dui daarop dat die spreker sy eie mening lug /
Skep ? patroon / progressie van die spreker se reaksies. (1)

2.6
- Hy het die ewige rus geërf/
- Hy het vrede en stilte geërf/
- Die verlossing van sy naam/
- Hy het geërf (1)

2.7 Vanaf mense wat na aan hom was (vriende) tot mense wat hom vermy het (skuldenare) (1)

2.8 "die Ewigheid aanvaar" (Frase) / "Hy het die Ewigheid aanvaar" (1)

2.9 rou / treur / huil (1)

2.10 mnr. Honor Sint Marnix van der Merwe / reël 2 (1)

2.11 Motivering bepaal punt:
Ja – die lewe het baie beslommernisse … (Net Ja = 0) (2)
**[12½]**

## VRAAG 3
## KAROO-DORP: SOMERAAND

3.1 Gehoor (1)
Sig (1)

3.2 Skemer (Een woord) (1)

3.3 en (Een woord) (1)

3.4 Sy roep die Here. (1)

3.5 Sy fiets kom staan … vanself … voor die kroeg (oog) / vanself (1)

| | | |
|---|---|---|
| 3.6 | Oum-Appie <u>drink</u><br>Tant-Tolie <u>bid</u> | (1)<br>(1) |
| 3.7 | Sy is siek (ongeneeslik) / nie verantwoordelik vir haar toestand nie / sy bid | (1) |
| 3.8 | Om die dood te roep | (1) |
| 3.9 | Fluitgeluide van die trein / ver afstand. | (1) |
| 3.10 | In die lokasie is houtvure /steenkoolvure / rook algemeen | (1) |
| 3.11 | ? Voëltjie / Karoovoëltjie | (½)<br>**[12]** |

**VRAAG 4**
**HIPPIE**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | plantaardig / flap / kelk / groei | (1) |
| 4.2 | na binne luisterend / geslote gemoed / reis om homself | (1) |
| 4.3 | "vlieë" (Een woord) | (1) |
| 4.4 | Tydelike slaapplek by Heilsleër / ? tehuis / hotel / hospitaal / tronksel / gastehuis | (1) |
| 4.5 | "miskien" / "of ". (Een woord) | (1) |
| 4.6 | "verbitterde bloekom" (Albei woorde) | (1) |
| 4.7 | Armoedige lewensomstandighede / verwaarloosde omstandighede | (1) |
| 4.8 | | |
| 4.8.1 | Begin elke keer met ? hoofletter / is kort / ingekeep / Bevat handelinge. | (1) |
| 4.8.2 | Beklemtoning / dui progressie aan. | (1) |
| 4.9 | Die hippie dink aan sy kinderjare / die plek waar hy grootgeword het / Die woord "onthou" | (1) |
| 4.10 | Motivering bepaal die punt.<br>Ja – leefwyse nes boemelaar s? | (2) |
| 4.11 | slaap (Een woord) | (½)<br>**[12]** |

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

AFDELING B

**DRAMA**

## *DIE KEISER* – BARTHO SMIT

### VRAAG 5

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Tiengelieng het die kostuum gemaak en behoort te weet wat daar is / Tiengelieng probeer die minister oortuig dat die wonderbaadjie / kostuum bestaan / Sy weet dat daar geen knoop bestaan nie en gee voor /. | (1) |
| 5.2 | dubbele leestekengebruik (vraag- en uitroepteken) / eenwoordsin | (1) |
| 5.3 | Motivering bepaal punt. Ja, want hulle sien niks nie.<br>Ja – hulle wil die indruk skep dat hulle wel die baadjie / knope sien.<br>Nee – daar bestaan geen baadjie / knope nie / daar is niks om te bekyk nie. | (2) |
| 5.4 | | |
| 5.4.1 | U Ydele | (1) |
| 5.4.2 | Bespotting / verkleinering. / Wil hom ontmasker / sinspeel op sy skynheiligheid / Sinspeel op sy ydelheid / Maak grappies, want hy's ? nar. | (1) |
| 5.5 | Dit dui op die Wewer se rol as leier van die rebelle /<br>Dit dui op haar onderdanigheid. / Hy is die leier / Hy is die Groen Tier. | (1) |
| 5.6 | Dit sou die Keiser in ? stralekrans omhul / Dit is van goud én lig / Dit is onsigbaar / Mense sou voor die Keiser uit eerbied neerval as hy dit dra. / Dit sou mense ontmasker. | (1) |
| 5.7 | met Maarskalk / Wewers | (1) |
| 5.8 | Hy word onderbreek deur ? klop aan die deur. / Kamerheer klop aan die deur. / Daar is ? klop aan die deur. | (1) |
| 5.9 | Die Keiser en Keiserin se klere is weg / gesteel. | (1) |
| 5.10 | Die volk / Inwoners van Ekwator. | (1) |
| 5.11 | | |
| 5.11.1 | Die Keiser se regeringstydperk van 50 jaar / die Keiser se halfeeu-fees | (1) |
| 5.11.2 | "Hulle dans" / " kyk hoe vol is die strate" / "en almal dans" | (1) |
| 5.12 | In r. 57 is hy verskonend / apologeties<br>In r. 79 is hy streng / kwaai / ferm (Moet albei teenstellende sake noem.) | (1)<br>(1) |
| 5.13 | Motivering bepaal die punt.<br>Nee – Hy gaan voort met die "onderbroektroos-storie"<br>Nee – Die Keiser protesteer magteloos.<br>Ja – Die nar troos hom deur te sê dis nie te erg nie.<br>Ja – Die nar kan dit uit die Keiser se uitroep na hom aflei. | (2) |

5.14 Hy is gespanne / wanhopig / histeries./
Hy glo nie in homself nie. / Ontsteld. (1)

5.15 Of die wonderkostuum werklik bestaan / Hy wil nie kaal loop voor sy volk nie. /
Hy vertrou niemand meer nie. (1)

5.16 In r. 63 moet Nar die venster oopmaak. (1)
In r. 70 moet Nar die venster toemaak. (1)

5.17 Die volk vereer hom. / Identifiseer met hom. / Juig hom toe. / Kniel voor hom. (1)

5.18 Motivering bepaal die punt.
Ja – Dis regverdig : Sy is dislojaal / bedrieg haar man / ondersteun die leuen / "sien" die klere; terwyl die Nar lojaal teenoor die Keiser bly.
Nee – dis nie regverdig nie – sy is immers sy eggenote – hy moes / kon sy vrese / onsekerheid met haar deel. (Net Nee of Ja = 0) (2)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 6

## *DIE KEISER* – Bartho Smit

6.1 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

- Kultuur is Minister van Kultuur en het die verantwoordelikheid om die Keiser se beskawingsprogram te stuur en ook die halfeeufeesvierings te reël. Hy bedrieg die Keiser deur die geld wat vir die beskawingsprogram begroot is te bestee aan luukshede. Die volk wat hy moet voed en klee, ly honger en is in vodde.
  Maarskalk is Minister van Verdediging en het die taak om te sorg vir landsveiligheid.
  Hy slaag nie daarin om die rebellie te onderdruk nie.
  Hy wanbestee ook staatsgeld.
  Diplomaat as Minister van Buitelandse Sake moet sorg vir goeie betrekkinge met die buiteland en moet Ekwator se goeie beeld aan ander lande oordra. Hy is dislojaal aan Ekwator veral wat die kleredrag betref. Later blyk dit ook dat hy ? verraaier is wat die Wewers ondersteun in hulle poging tot ? staatsgreep.

  - Maarskalk word Korporaal genoem. Hierdeur word hy verneder / verkleineer / geminag.
    Kultuur word Ydele genoem - hierdeur word sy voorliefde vir vertoon aangedui.
    Diplomaat word Seurtjie genoem omdat hy die jongste van die ministers is. Die woord is ook minagtend omdat dit vertaal kan word as "Kleinbasie".
  - Kultuur en Maarskalk word uiteindelik onthoof.
    Diplomaat vlug saam met die Wewer en Tiengelieng as die volk die Keiser toejuig.

- Dat hulle die Keiser vir 50 jaar kon bedrieg, is geloofwaardig: die Keiser het hulle vertrou; die Keiser het nooit gekontroleer of sy opdragte uitgevoer word nie; die ministers het valse verklarings / verslae aan die Keiser gelewer en hom in die duister gehou oor die werklike situasie in die land.

**OF**

- Dat hulle die Keiser vir 50 jaar kon bedrieg, is nie geloofwaardig nie: daar is talle bewyse / tekens dat hulle nie hulle opdragte uitgevoer het nie: die volk in vodde, die "grensvoorvalle" wat vermeerder; die buitensporige aankoop van luukshede; sy vermoede dat sy opdragte nie uitgevoer word nie … (15)

6.2 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

– Die Keiser het goeie ideale vir sy volk en land.
– Die volk moet behoorlik gevoed en geklee word.
– Die land moet die beskaafste land op aarde wees.
– Hy wil die onreg wat sy pa die volk aangedoen het, regstel.

– Die Keiser is ? idealis en ? dromer.
– Hy het sy kabinet te veel vertrou en nooit die bedrieëry van die ministers raakgesien nie.
– Hy glo dat die beskawingsprogram uitgevoer word en het nooit die moeite gedoen om self seker te gaan maak dat sy opdragte uitgevoer word nie.
– Hy gee ? ereplek aan klere, aangesien dit volgens sy mening die beskawing van ? volk bepaal.
– Hy is verder baie gesteld op suiwer taalgebruik, maar hy is onprakties.
– Hy streef om sy volk die beskaafste in die wêreld te maak, maar daar is geen kontrole nie.

– Hy was ? swak Keiser.
– Dieselfde foute wat sy vader begaan het, begaan hy ook.
– Die volk is na vyftig jaar steeds die arm, kaal slawe.
Hy het swak regeer deur nooit te kontroleer of sy opdragte uitgevoer word nie.

**OF**

– Hy was ? goeie Keiser.
– Hy het ? beskawingsprogram daargestel om sy volk te voed en te klee.
– Hy wou regstel waar sy vader verbrou het.
– Hy besef ten slotte dat hy sy plig versuim het, maar dat hy nie sy volk aan Groen Tier wil oorlewer nie. (10)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

AFDELING C
**PROSA**

**VRAAG 7**
***KRINGE IN 'N BOS* – DALENE MATTHEE**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | | |
| 7.1.1 | Die dorpsmense / Die houtkopers en hul gesinne / Ryk mense / Engelse mense. | (1) |
| 7.1.2 | Die bosmense / Die houtkappers en hul gesinne / Arm mense / Afrikaanse mense. | (1) |
| 7.2 | Dis ? eenwoordsin. | (1) |
| 7.3 | Dis die naam van ? skip / boot. / Staan in die plek van aanhalingstekens. | (1) |
| 7.4 | Sondae het Kate vir Saul in die skuur gaan besoek. / Enigste tyd wat Kate vir Saul kon gaan kuier het. | (1) |
| 7.5 | Dit dui aan dat sy onderbreek word deur Saul omdat hy lag. | (1) |
| 7.6 | Lag. (Een woord) | (1) |
| 7.7 | Die dansklasse (wat sy nie aangenaam vind nie).<br>Die tekenklasse (wat sy aangenaam vind). | (1)<br>(1) |
| 7.8 | Hollands / Kitchen Dutch / Afrikaans. | (1) |
| 7.9 | *David Copperfield* is die titel van ? boek (wat Kate hom gegee het). / Staan in die plek van aanhalingstekens. | (1) |
| 7.10 | Moenie bevooroordeeld wees nie / Houtkappers is nie noodwendig dom nie. / Sy leer om haar nie aan ander se praatjies te steur nie. | (1) |
| 7.11 | Geen grond / geen onderwysers / ver afstande / min of geen leerlinge nie / Dit pas nie in by die planne van die houtkopers nie / slim bosmense sou die wanpraktyke van die houtkopers blootlê. | (2) |
| 7.12 | Sy besef nie die bosmense is armoedig nie; dat hulle nie die nodige wil / kennis / finansies / vaardighede het nie. | (1) |
| 7.13 | Ons bosmense. (Frase) | (1) |
| 7.14 | Uittreksel 1 – Saul is ? sukkelende werker by MacDonald. (Albei sake noem)<br>Uittreksel 2 – Saul is ? ryk delwer. | (1)<br>(1) |
| 7.15 | Vir Saul gaan dit nie net oor selfverryking nie. / Hy delf net tot hy genoeg het. Hy wil aan sy pa/die bosmense bewys dat hulle nie in armoede hoef te leef nie / Hy probeer die natuurlewe beskerm. (Enige feit) | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 7.16 | Crompton was ? delwer en ook Saul se vriend. | (1) |
| 7.17 | | |
| 7.17.1 | Figuurlik | (1) |
| 7.17.2 | “Brug” verwys hier na kontak / kommunikasie tussen dorpsmense en bosmense. / Dui nie op ? fisiese struktuur nie. / Brug van Kate se wêreld na Saul se wêreld. | (1) |
| 7.18 | Kyk na verskillende insigte:<br>Dat daar oordeelkundig met die natuurlewe omgegaan moet word/<br>Die siklus van armoede te stop/… | (2)<br>**[25]** |

**OF**

## VRAAG 8
## *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Bedelaars het om hulle rytuig saamgedrom en Liam het die situasie ontlont. | (2) |
| 8.2 | Sy het kledingstukke en geld aan die Ierse pagters op Donore gegee. | (1) |
| 8.3 | Kwaad / vererg. | (1) |
| 8.4 | Die vreemdeling is Iers / ? pagter / ? Katoliek. | (1) |
| 8.5 | ? Tweewielige perderytuig. | (1) |
| 8.6 | | |
| 8.6.1 | Milady | (1) |
| 8.6.2 | Uit respek / dit was die konvensie (gewoonte). | (1) |
| 8.7 | Na die dubbelpunt volg ? verduideliking / rede vir die besoek van Alice. | (1) |
| 8.8 | Donore – familielandgoed / Engelse grondeienaars / toon agteruitgang;<br>Ard na Croise – Séamas die eienaar / hy is Iers / land is vervalle. | (2) |
| 8.9 | Hy praat / lees / verstaan Latyn. | (1) |
| 8.10 | Nee –<br>Hy het geen ag geslaan op die Ierse boerevolk nie.<br>Hy was onbewus van hul leefwyse. | (1)<br><br>(1) |
| 8.11 | Aanvanklik is hy afsydig teenoor die Ierse boerevolk, in r. 46 is hy vriende met ? Ier. | (2) |
| 8.12 | Hulle het skuiling gaan soek teen die reënbui. | (1) |
| 8.13 | Donker | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 8.14 | Ek het nog nooit vriende gehad nie. | (1) |
| 8.15 | Uitpraat/ met die waarheid uitkom. | (1) |
| 8.16 | Hy het nie deel gehad aan hul sinledige bestaan nie, bv. jag / drinkparty … | (1) |
| 8.17 | Hy het Ierse meisies wat brandhout opgetel het in die woud met stokke geslaan / baie mense het littekens van sy wreedheid. | (1) |
| 8.18 | Liam se erkenning dat hy bevriend met David wou wees. | (1) |
| 8.19 | Motivering bepaal punt.<br>Ja – Jy kies vriende met wie jy gemaklik voel.<br>Nee – Jy kan jou misgis met vriende / verkeerde keuses maak. | (2)<br>**[25]** |

## VRAAG 9
## *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Petrus het die vorige Vrydag onraad gemerk toe hy vir Fiela die nuwe hings kom wys. / Hy het gekom om vir Fiela reguit te vra wat op Wolwekraal verkeerd is. | (1) |
| 9.2 | | |
| 9.2.1 | Figuurlik | (1) |
| 9.2.2 | Dit beteken om iets te bedek / stilbly daaroor / wegsteek. | (1) |
| 9.3 | Baas | (1) |
| 9.4 | Haar trots | (1) |
| 9.5 | In r. 3 sak sy kop.<br>In r. 11 kom sy kop regop. | (1)<br>(1) |
| 9.6 | ? Ramp het hulle getref / hulle ondervind ernstige probleme. / Hulle het ? terugslag / teleurstelling / hartseer beleef. | (1) |
| 9.7 | Benjamin was wit; Fiela nie. / Die Lange en die dikke. | (1) |
| 9.8 | Die Sensusmanne. | (1) |
| 9.9 | Sy het geboer / aalwyne getap / volstruisvere verkoop. | (1) |
| 9.10 | Dat Benjamin weggeneem is van Fiela. | (1) |
| 9.11 | “Uit haar uit gekook” (Frase) | (1) |
| 9.12 | Beklemtoon die onvermydelike / onafwendbare. | (1) |

9.13
9.13.1 Tollie (1)

9.13.2 Hy het gedrink / baklei / in die tronk beland/ nie belanggestel in die boerdery nie. (1)

9.14 Dit beklemtoon Benjamin se kleur. / Beklemtoning.
Dit beklemtoon sy andersheid.
Dit beklemtoon die rede vir / oorsaak van Fiela en Benjamin se probleme. (1)

9.15 Motivering bepaal die punt.
Ja – dit sou aanvaarbaar wees: kleur / vooroordele sou nie ? rol speel nie.
Nee – al was hy bruin, sou daar nog sekerheid gekry moes word oor sy ouers / oorsprong. (Enigste motivering by Nee). (2)

9.16 Motivering bepaal die punt:
Ja – Sy het Benjamin / ? gesin se lewe verwoes.
Nee – Sy was ook slagoffer van ? komplot om Benjamin by Fiela weg te kry.
Nee – Sy was onder druk - / Sy't gehandel onder moeilike omstandighede. (2)

9.17
9.17.1 Fiela se bure. (1)

9.17.2 Hulle was lui / was drankverslaafdes / was sukkelaars. (1)

9.18 Goeie mense en bose mense. (2)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 10
## *TOORBERG* – Etienne van Heerden

10.1 Hy luister na Kaatjie se weergawe / getuienis / verklaring in sy ondersoek na die oorsaak van Noag se dood. (1)

10.2 Du Pisani (1)

10.3 Dit was op Waterwyser se aanbeveling./
Noag dui op water./
Noag is die eerste persoon wat die reënboog gesien het. (1)

10.4 Vir sewe maande na sy geboorte het daar ? druppeltjie aan Druppeltjie se linkerwang gekleef. (1)

10.5 Die vraagteken (1)

10.6 Sy noukeurigheid / deeglikheid / presiesheid. (1)

10.7 Sigare / rook. (1)

10.8 Na die dubbelpunt volg ? verduideliking waarna hy gekyk het. (1)

10.9 Die ysterpot vol koue pap / patroongeknipte koerantvelle / blikbekers en borde / fyn hout / afgeslagte konyn. (1)

10.10 Sy vertel ? leuen / sy het geskrik. (1)

10.11 2 (twee) (1)

10.12 Dit lyk asof die kitaar deur iemand bespeel was. (1)

10.13

10.13.1 Hy het ? afarm. (1)

10.13.2 De la Rey, wat mank was. (1)

10.14 ? Prediker (1)

10.15 Nee (1)
Hy het vir Ella en die Departement van Justisie ? antwoord skuldig gebly / Hy het nie ? finale verslag voltooi nie. (1)

10.16 Albei is onvrugbaar/ kan nie kinders verwek nie. (1)
Albei het die vlek oor hul linkeroor. (1)

10.17 Die trein het hulle dood gery. (1)

10.18 Oneday se aktivis-vriende weet alreeds van Abel se dood. (1)

10.19 Ja (1)
Na DwarsAbel is daar niemand Moolman genoeg om die leisels op Toorberg oor te neem nie. / DwarsAbel is onvrugbaar. (1)

10.20 Motivering bepaal die punt.
Ja – dis immoreel – Jy verheug jou nie in ? ander se verdriet nie./…
Nee – dis nie immoreel nie: miskien het hy Oneday se houding/ gevoelens verkeerd opgesom. (2)
**[25]**

## VRAAG 11
## *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

11.1 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

- Joram dink verkeerdelik dat hulle nie anders kan as om houtkappers te wees nie en neem Saul dit kwalik dat hy ander opvattings het en hul leefwyse bevraagteken.
- Joram sien Saul nie as bewaringsbewuste nie, maar as iemand wat met die boswagters saamwerk en hulle uitverkoop.
- Hy jaag Saul weg toe Saul sê die olifante moet nou vir die foute van die houtkappers betaal.
- Hy wil nie saam met Saul goud gaan delf nie, want dit is nie hul tradisie / leefwyse nie.
- Hy sien Saul as iemand wat probleme in sy eenvoudige lewe veroorsaak en vra hom om te sê hy is nie sy seun nie.

- Jozef was die oudste en het altyd as beskermer teenoor Saul opgetree, maar Saul was slimmer.
- Jozef kon nie verstaan hoe Saul redeneer nie, want hy het geglo in die gebruike van die Bosmense.
- Hy het geglo Saul spioeneer op hulle en verraai hulle aan die boswagter en houtkopers.
- Hy haat Saul se waagmoed wat veroorsaak het dat hy nie van Saul gehou het nie.
- Hy belowe tog ten slotte dat hy slegs hout aan Saul sal verkoop.

- Mac Donald sien Saul aanvanklik as ? ongeletterde houtkapper wat deur hom uitgebuit kan word.
- Hy laat Saul soos ? slaaf werk om sy pa-hulle se skuld af te betaal; en vir kos en slaapplek.
- Hy onderskat Saul se intelligensie toe hy hom saam met Patterson stuur.
- Hy sien neer op Saul en intimideer hom deur hom sy verhouding met Kate te laat verbreek.
- Hy sien Saul steeds as ? Bosmens nadat Saul ryk geword het – ? Bosmens met baie geld – en probeer hom verneuk met die aankoop van waardelose erwe.

- Die delwers sien Saul as ? ryk delwer, en beskermer van die bos.

- Saul is ? sterk karakter met hoë ideale vir homself, sy familie, die Bosmense, die bos en die diere. (15)

11.2 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

- Die houtkappers word in die Bos gebore, bring al hul lewensjare daar deur en sterf daar.
- Die houtkappers ken die bos baie goed; die plekname, die houtsoorte, die dier- en voëlsoorte en die ongeskrewe wette van die bos.
- Hulle moet leef en is afhanklik van die bos, daarom kap hulle die bos uit.
- Omdat hulle bestaan van die bos afhang, behoort die bos aan hulle en steur hulle hul nie aan bewaringsmaatreëls nie.
- Saul is die enigste bosmens wat kan insien dat die bos uitgeroei word.

- Die houtkopers koop hout vir dwarslêers … by die houtkappers, maar vanweë die houtkappers se onkunde word hulle maklik bedrieg.
- Die houtkopers is ryk en word ryker terwyl hulle op die armoedige houtkappers se onkunde teer.
- Die houtkopers gee nie om vir die bos nie en probeer net soveel geld as moontlik uit die bos maak.

- Goud (spoelgoud en rifgoud) is in die Bos gevind.
- Die delwers verniel die bos, omdat dit nie vir hulle belangrik is nie.
- Hulle is gierigaards en is net agter die goud aan.
- Omdat Saul die bos goed ken, werk hy hom geleidelik in ? beter finansiële posisie in.
- Gepaardgaande met die delwery, ontstaan daar ook ander besigheidsgeleenthede: die hotelbedryf, vervoerbedryf …
- Dis (on)gelukkig dat die delwery nie volhoubaar was nie.

- Saul kom in opstand teen houtkappers en delwers wat die bos vernietig.
- Hy ondersteun die boswagter se bewaringspogings.
- Hy verjaag potensiële delwers.

- Die bos as bron van inkomste is nie volhoubaar nie: die vernielsug van mense vir eie gewin ten koste van die natuur is te intens en oordonderend …

**OF**

- Die bos as bron van inkomste is volhoubaar: mits daar oordeelkundig en strategies te werk gegaan word. (10)

**[25]**

## VRAAG 12
## *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

12.1 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

- Sir Thomas was ? parlementslid en bekende figuur.
  Hy word vermoor in die koets waarin hy en Lady Catherine op weg was.
  Hy was van agter ? boom in helder daglig geskiet (? sluipmoord).
  Sy dood laat die Engelse grondbesitters paniekbevange: saans word deure en vensters versigtig gesluit en gewere word skoongemaak.
  Hulle sien ? vyand in elke kaalvoetseun of ouvrou.
  Klopjagte word op boerewonings uitgevoer en soldate patrolleer die gebied.
  Hy word begrawe vanuit die Engelse kerk en in sy familiegraf te ruste gelê; ? biskop neem die diens waar.

- O Máille sterf toe hy in ? struweling met David op ? klip geval het en sy nek breek het.
  Dit was ? ongeluk – David het in die bresse getree vir ? jong vrou wat deur O Máille aangerand is.
  Niemand het getreur oor sy sterfte nie, inteendeel, vir sommige van die boerevolk was dit wonderlike nuus.
  O Máille se lyk is in ? ou kalkput gestort.

- Die ou Ierse boerevrou was siek en sterf in Séamas se huis.
  Toe die vroue in die huis besef dat die ou vrou sterwe, kniel hulle rondom die bed en bid sag en soet.
  Toe sy sterf, slaan die weduwee die kruisteken en die vroue begin jammer te treur.
  Sy word begrawe deur die priester: Vader O Floinn.
  Vir Liam is die ou vrou simbolies van die Iere: sonder besittings, sonder grond en sonder naam.

- Ja, hul sterfte het ? invloed op David gehad: O Máille se dood bewerkstellig sy toetrede tot die leefwyse van die Iere /…

**OF**

– Nee, hul sterfte het geen invloed op David gehad nie: die dood van sir Thomas neem hy slegs as waarnemer waar /…
Kyk ook na ander insigte. (15)

12.2 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

– Ds. Burnwood se leefwyse volg die tipiese patroon van ? grondeienaar: jag, gewere, whiskey drink, leë gesprekke, hoë ommuurde huis, perde … Vader O Floinn is ? brood-en-water-en-selfkastydingsman, geen port of jagperde soos ds. Burnwood nie.

– By die Protestante diens van ds. Burnwood val die klem op die welvaart van die kerkgangers: in mantels en jasse en in weelde geklee; elk in sy eie hoë familiebank. Die dominee se preek handel oor die politiek van die dag. Tydens die Katolieke middernagmis van vader O Floinn stap die armoedig geklede mense met fakkels na die dal rondom ? altaar – en verkry ? soort waardigheid en skoonheid. Daar is geen kerkgebou nie.

– Ds. Burnwood het geen ontsag of eerbied vir die boerevolk nie. Hulle is goed vir tafels dek ens., maar nie mense met wie jy sosialiseer nie. Vader O Floinn is bewus van hul armoede, ellende en swaarkry en toon begrip vir die opstand. Hy ken die haglike omstandighede van die boerevolk goed en is hulle simpatiekgesind.

– Ds. Burnwood beskou David as ? afgedwaalde, omdat hy te vriendelik word met die boerevolk. Hy wys David daarop dat hy ? verpligting het teenoor sy stand, die grondeienaars en die plek wat hy beklee in die samelewing. Vader O Floinn slaan geen ag op status en stand nie en word meermale op Ard na Croise gekry, of waar hy besig is met huisbesoek by ? siek gemeentelid.

– Ds. Burnwood is ? ware herder: hy het die grondeienaars gemaan om versigtig te wees …
**OF**
Vader O Floinn was ? ware herder:
Hy het die siekes versorg …
Kyk ook na ander insigte. (10)
**[25]**

**VRAAG 13**
***FIELA SE KIND* – Dalene Matthee**

13.1 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

– Benjamin was nie daarvan bewus dat hy anders as sy broers of susters of ouers is nie. Hy was die jongste van die vyf kinders van Fiela en Selling – hy ken nie ? ander ma as Fiela nie en vir haar is hy baie lief. Hy het geweet hy is sy ma-hulle se hanskind.

– Die sensusmanne verbreek hierdie gesinsband en neem hom na Knysna om met sy waarskynlike biologiese moeder herenig te word. Hulle belowe om hom terug te bring indien hy nie die bosvrou se kind was nie.

- Tydens sy verblyf by die see ontdek Benjamin dat hy ? romantiese aangetrokkenheid tot Nina voel. Hy glo egter steeds dat Nina sy suster is. Fiela gee Benjamin die raad dat hy seker moet maak of Nina sy suster is: "bloed" sou "bloed" gekeer het as dit so was. Sy liefde vir die see suggereer dat hy dalk ? seeman se kind is.

- Barta het ? leuen vertel: Benjamin is nie haar Lukas wat weggeraak het nie. Sy volhard met die leuen – as Lukas haar vra wie se kind hy is, sê sy dat hy haar kind is. Uiteindelik erken sy teenoor Benjamin dat sy gejok het: Lukas / Benjamin is nie haar kind nie – sy is voorgesê om te jok.

- Nee – Barta moet die groot skuldlas dra: sy het Benjamin doelbewus en verkeerdelik as haar verlore seun geëien / Die sensusmanne …/…

- Ja – Fiela moes meer moeite gedoen het om uit te vind waarvandaan die kind gekom het / wie sy ouers was /…
  Kyk ook na ander insigte. (15)

13.2 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

- Selling is liggaamlik swak, daarom het die boerdery en die versorging van Wolwekraal hoofsaaklik Fiela se taak geword. Wolwekraal is ? plaas wat sý geërf het. Die meeste van die besluite wat die gesin raak, word deur haar geneem. Sy tree op as beskermer en broodwinner (al het Selling velle gebrei, ens.).

- Selling se geheim is dat hy een van die Laghaans vermoor het. Hy het in die tronk beland, dog Fiela het geen afstand of ontbering ontsien om vir hom kos weg te neem nie.
  Tóé moes Fiela al sy plek volstaan, maar nooit het sy hom daaroor verwyt nie.

- Barta kom bevrees voor.
  Sy is magteloos teen Elias. Sy word op ? onsensitiewe wyse deur Elias onderdruk en word op kru wyse deur hom aangespreek. Sy is magteloos as Elias op hardhandige wyse die kinders te lyf gaan en misbruik maak van sy gesin om sy lui en gemaksugtige lewe te lei.

- Bartha het Benjamin verkeerdelik uitgeken as haar seun nadat die sensusman hom vir haar aangewys het. Sy het nooit haar geheim verklap nie en vir jare met die leuen geleef.
  Sy het Benjamin se lewe verwoes.
  Sy het ? gesin (ook haar eie) se lewe vertroebel.
  Sy het skande oor haar huis gebring.

- Simpatie met Selling:
  Hy is siek / liggaamlik swak.
  Dis seker frustrerend vir hom dat Fiela so hard werk en nog na hom moet omsien …

**OF**

- Simpatie met Barta: Sy het soveel jaar met ? leuen geleef, dit moes haar geweldig gepla het …
  Kyk ook na ander insigte. (10)

**[25]**

## VRAAG 14
## *TOORBERG* – Etienne van Heerden

14.1 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

- Floors Moolman trou oor die kleurgrens heen en word eenkant geskuif deur StamAbel. Die skeiding tussen die families: die Skaam- en Moolmanfamilie spruit uit hierdie verhouding. Posmeester Moolman word ? verstoteling toe hy met ? Katolieke meisie trou. Die skeiding gee aanleiding tot verbittering. De la Rey en Andreas se afwykende gedrag het daartoe gelei dat hulle ook verwerp was.

- StamAbel het geskiet, geploeg, gekap en gebou totdat Toorberg die spogplaas van die omgewing was. Daar was ? slagkraal en ? biltongskuur, koringsaailand en genoeg groente, vrugte, eiers en melk. Hulle het weelderig gelewe, besit Land Rovers, motorfietse, …

- Die StiefMoolmans op die rand van Toorberg was geregtig op Toorberg se opbrengs, al was hulle verstotelinge. Hulle was geregtig op suiwelprodukte, slaggoed, koring, vrugte en groente. Posmeester en Koevert was by die poskantoor werksaam en Amy was ? onderwyseres.

- Die Skaamfamilie maak ? bestaan op die Stiefveld-deel van Toorberg. Op hierdie stukkie grond teen die berg moet Shala met sy ma se bokke boer, en plant hulle turksvye. Die wêreld hier vertoon armoedig. Hulle bestaan met behulp van ? karige boerdery en die jaarlikse vruggebruik.

- Simpatie met die Moolmans: die droogte knak hulle …

**OF**

- Simpatie met die StiefMoolmans: hulle is nie deel van Toorberg nie, maar hulle kan ook nie wegkom nie …

**OF**

- Simpatie met die Skaamfamilie: die Moolmans is onverdraagsaam teenoor hulle …
  Kyk ook na ander insigte. (15)

14.2 Die volgende hoofgedagtes is van belang:

- KênsTillie was vir Abel die verskriklikste ding wat uit sy lende kon kom. Sy is gedoem tot daggatee en opsluiting in ? kamer waar sy beheer kon word. KênsTillie het die gawe van die "binneste oë": om bonatuurlike dinge waar te neem. Met haar geboorte het die naelstring om haar nek gedraai; sy het moontlik ? ruk nie suurstof gehad nie – en dit het haar so "snaaks" gemaak.

- Noag het ook die gawe van die "binneste oë" gehad en hy kon, soos sy pa, water aanvoel en wys waar onderaardse water is. Noag was gebore met ? druppeltjie wat aan sy linkerwang gekleef het – sewe maande lank. Noag het ? voorliefde gehad vir water, wilgerbome en kolganse kyk. Hy het nooit sy oë vir die son geknip nie.

- Daar is herhaaldelike verwysings na die teenwoordigheid van dooie mense. De la Rey se spoor word op die werf gevind. Ouma Magtilt hou vir Ella dop. Floors Moolman en Andries Riet dwaal op Toorberg rond. Die gees van StamAbel konfronteer die magistraat. Die dooies kyk na die lewendes se reaksies toe Noag in die boorgat vasgesit het. Die magistraat korrespondeer met sy gestorwe vrou.

- Slams is ? toorder en het ook die vermoë om te "sien". Hy is die een wat die raad van daggatee vir KênsTillie aan Ella gee. Hy word daarvan verdink dat hy liggaamsdele van klein seuntjies gebruik vir sy toorgoed. Hy sê vir die magistraat dat Druppeltjie die gees van De la Rey gesien het – toe val hy in die boorgat.

- Die karakter wat die meeste bygedra het tot die magiese stemming:

- KênsTillie a.g.v. haar snaakse optrede …

**OF**

- Die dooies a.g.v. die onwaarskynlikheid van hul teenwoordigheid …

**OF**

- Slams a.g.v. sy misterie …
  Kyk ook na ander insigte. (10)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**TOTAAL: 75**

## Assesseringsinstrument (Rubriek)

| Norm | Letterkunde: Paragraaftipe Vraag: 20/15/10 | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 4/3/2 | 3/2/1½ | 2/1/1 | 1/½/½ |
| 1. | Beplanning, paragrafering, inleiding en afsluiting. | Goed beplan, inleiding gee struktuur en slot vat logies saam. | Nog goed gestruktureer, maar nie heeltemal so goed nie. | Neig om onsamehangend te raak. | Skryfstuk is nié ? goeie geheel nie. |
| | | 4/3/2 | 3/2/1½ | 2/1/1 | 1/½/½ |
| 2. | Sinsbou, spelling, leestekens en woordgebruik. | Logiese sinne, min spelfoute, verskeie leestekens effektief gebruik, goeie woordgebruik. | Sinne, woordkeuses, spelling en leestekens is só dat die paragraaf maklik lees. | Sinne is lomp en moeilik verstaan-baar, spelfoute algemeen, lees-tekens en woord-gebruik beperk. | Taalfoute is té algemeen om ? redelike punt te verdien. |
| | | 4/3/2 | 3/2/1½ | 2/1/1 | 1/½/½ |
| 3. | Duidelike hoofgedagtes. Uitvoering van spesifieke opdrag. | Hoofpunte is goed gedefinieer en sluit direk aan by gegewe opdrag. | Hoofpunte word onderskei, maar is effens vaag en sluit nié so direk by opdrag aan nie. | Opdrag en skryfstuk sluit nie. Meer ? geklets as wetenskaplike aanbieding. | Geen inhoudelike struktuur nie. |
| | | 4/3/2 | 3/2/1½ | 2/1/1 | 1/½/½ |
| 4. | Ondersteunende bewyse. | Skryfstuk toon goeie insig in begrippe en die korrekte bewyse uit die teks word gebruik vir stellings. | Steeds insig en grootliks toepaslike bewyse vir stellings. | Opdrag word inhoudelik nie duidelik verstaan nie en bewyse is effens lukraak. | Gebrek aan enige insig en bewyse met substansie. |
| | | 4/3/2 | 3/2/1½ | 2/1/1 | 1/½/½ |
| 5. | Kennis van die literêre werk. | Skryfstuk toon dat die teks gelees is en as geheel verstaan word. | Teks is duidelik gelees en die werk word verstaan, maar nié so volledig soos by Norm 4 nie. | Inhoudelike foute en oorsigtelikhede toon ? gebrek aan leeskennis en begrip van die teks. | Die werk is nié gelees nie en word glad nie verstaan nie. |